Virbac DIEREGESONDHEID

VENNOOTSKAP

WAAR PRODUK EN PRODUKSIE ONTMOET

JULIE 2010

VOLUME 2

SKAAP EN BEES

As Lewerslak teenwoordig is op u plaas is dit krities om die regte behandelings stelsel te volg.

Deur Ronnie Dawson

Lewerslak: Die erosie parasiet

Lewerslak is verantwoordelik vir die erosie van u diere se gesondheid, en dus het ook 'n **geweldige impak op u diere se produktiwiteit**.

Daar is baie proewe al gedoen om die impak van die parasiet te meet. Byvoorbeeld… een proef, wat oor 196 dae gedoen is, het bewys dat kalwers wat behandel is vir lewerslak 760 gram per week meer gegroei het as kalwers wat onbehandel was. Daar is baie ander proewe wat dieselfde bewys… **dat die parasiet nie ligtelik opgeneem moet word nie**.

Daar word gereeld gevra hoe om goeie Lewerslak beheer toe te pas by beeste en skape. Die antwoord lê in die volgende feit: Ten alle tye is dit belangrik om ten minste **2 behandelings omtrent 8 weke uitmekaar** te gee om ordentlike beheer van lewerslak te handhaaf. Die ander vraag is – wat moet gebruik word? Die ideale middel sal 'n breë spektrum van lewerslak beheer, vanaf 2 weke oud tot volwasse stadia. Onthou, Lewerslak is nie die enigste parasiet op u plaas nie, dus sal die ideale middel ook rondewurms beheer, sowel as melklintwurm by kalwers.

Virbac het so 'n produk met die naam van **Flukazole C**. **Flukazole C** bevat die aktiewe bestandeel **Triklabendasool** en **Oksfendasool**. Triklabendasool bied die boer 'n kans om Lewerslak uit te haal vanaf 2 weke ouderdom en ouer, dus bied **Flukazole C** beheer van **volwasse, onvolwasse en vroeë onvolwasse lewerslak stadia**. Die belangrikheid hiervan is dat wanneer die eerste behandeling vir Lewerslak gedoen word (Maart tot Mei) is die onvolwasse stadia teenwoordig en daarom is dit van kardinale belang dat die middel wat gebruik word hierdie stadia (tussen 2 tot 6 weke oud) beheer. Dit verseker dat daar minder besmetting van volwasse lewerslak plaasvind binne die dier en ook dat die weiding besoedeling (eiers wat uitgeskei word op die weidings) verminder word, wat weereens behulpsaam sal wees om die besoedeling later te verminder.

Dit is natuurlik belangrik om 8 weke later met 'n goeie Lewerslak beheermiddel op te volg, vir die rede dat geen middel lewerslak onder die 2 week stadia kan beheer nie. 8 weke later is al die onvolwasse lewerslak wat die aanvanklike dosering oorleef het, nou volwasse lewerslak, wat beheer moet word.

Flukazole C bied ook die volgende voordele:

- Breë spektrum werking (Rondewurms, Lewerslak en Melklintwurm)
- Die 2 aktiewe bestandele bied 'n sinergistiese werking teen lewerslak, wat beter beheer van die vroeë onvolwasse stadia beteken… wat lei tot beter beskerming en beter produksie.

Gebruik **Flukazole C** waar lewerslak probleme voorkom en maak seker dat u die erosie parasiet volledig beheer.

Flukazole C – Reg. Nr. G3533 (Wet 36/1947) Bevat: Triklabendasool 12 % m/v en Oksfendasool 4.53 % m/v.

SKAAP

Daar word elke jaar miljoene Rande verloor as gevolg van skaapbrandsiekte wat seker die mees bekende uitwendige parasiet by skape is.

Deur Erich Walter

Skaapbrandsiekte: beskerm u skape die winter

Die skaapbrandsiekmyt is gewoonlik mees aktief in die wintermaande wanneer skape alreeds swaar kry weens die koue en swakker beskikbare voeding. Die myte veroorsaak irritasie, wat veroorsaak dat diere hulle wol byt en pluise uithaal. Besmette diere toon dus 'n verlies aan wol en terselfde tyd verswak hul eetlus, skape verloor gewig, en immuniteit teen siektes en parasiete verswak. Dus is dit geweldig belangrik dat skape so gou as moontlik en doeltreffend teen skaapbrandsiek behandel moet word.

L.W. Die skaapbrandsiekmyt kan afsonderlik van die skaap oorleef en bly vir 16 dae besmetlik. Indien voldoende higiëne nie gehandhaaf word nie, bly hanteringsgeriewe en mense wat met skape werk 'n bron van besmetting. Kyk na dit.

vervolg op bladsy 2

OORSIG

Virbac is trots om die **VENNOOTSKAP** weer bekend te stel. Dis ons doel om u met praktiese toepasbare oplossings te help ten opsigte van u daaglikse dieregesondheids probleme in u boerdery praktyk. Ons wil u aanraai om u plaaslike **Virbac TSA** te kontak vir hulp met u dieregesondheids program. U kan ook **Virbac** hoofkantoor skakel vir enige navrae indien u nie weet wie u TSA is nie.

Geniet die leesstof oor interne- en eksterne parasiete en ook metodes om u wintervoeding te verbeter.

BINNE

Meer kos in winter 2

Gedurende die tyd van die jaar is kos vir ons diere 'n groot probleem. ***Browse Plus*** stel die dier instaat om die beskikbare voedingsbron beter te benut.

Winter is Dip tyd 2

Luise en Bosluise moet albei gedurende die winter maande verminder word. Die antwoord lê in ***Amipor*** of ***Eliminate***.